SimpleStudy®

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2018

# REKENINGKUNDE V2

**PUNTE:** 150

**TYD:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n 10-bladsy antwoordeboek.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

2. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.

3. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

4. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

5. Alle bewerkings moet tot EEN desimale plek getoon word, waar van toepassing.

6. 'n Uiteensetting van die vrae word voorsien. Probeer om by die voorgestelde tyd vir die beantwoording van elke vraag te hou.

| VRAAG 1: 25 punte; 20 minute | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Interne beheer, BTW** | **Finansiële rekeningkunde**<br>• BTW konsepte<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Beheer van kontant en voorraad |

| VRAAG 2: 45 punte; 35 minute | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Kosteberekeninge; Interne beheer** | **Bestuursrekeningkunde**<br>• Berekening van produksiekoste<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Beheer van grondstowwe en goedere-in-bewerking |

| VRAAG 3: 25 punte; 20 minute | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Begroting** | **Bestuursrekeningkunde**<br>• Konsepte<br>• Begroting<br>• Beheer van kostes |

| VRAAG 4: 55 punte; 45 minute | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Rekonsiliasie; Algemene grootboek** | **Bestuur van hulpbronne**<br>• Beheer van debiteure en handelsvoorraad |

## VRAAG 1: INTERNE BEHEER EN BTW (25 punte; 20 minute)

1.1 **INTERNE BEHEER**

Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Die graad 10-leerders van Lennox Hoër bedryf ’n klein snoepwinkel by die skool tydens pouses. Die groep van vyf help mekaar by die winkel. Hulle teken alles wat hulle doen aan. Die voorraad word in ’n kas, sonder ’n slot, in die Rekeningkunde onderwyser se klas gehou. Die kontant is in ’n skoeneboks in dieselfde kas gebêre. Twee weke na die begin van die projek was hulle baie ontsteld toe hulle ontdek dat die voorraad en kontant verdwyn het. Hulle het ’n graad 12 Rekeningkunde leerder gevra om na hul boeke te kyk en te bepaal hoeveel hulle verlies is.

1.1.1 Die graad 12-leerder tree op as hul (interne / eksterne) ouditeur. (2)

1.1.2 Maak ’n aanbeveling van DRIE beheermaatreëls of -prosedures wat geïmplementeer kan word om die voorraad en kontant teen diefstal te beskerm. (12)

1.2 **BTW STELLINGS**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

1.2.1 BTW is betaalbaar aan SAID.

1.2.2 BTW inset is toegevoegde waarde belasting betaalbaar deur kliënte.

1.2.3 Enige onderneming met verkope meer as R200 000 moet as ’n BTW-handelaar registreer.

1.2.4 Om die armes te help, word sekere basiese voedsel en ander noodsaaklike items met ’n nul-koers belas.

1.2.5 Meeste besighede merk hul handelsvoorraad teen ’n verkoopprys wat BTW insluit.

1.2.6 BTW is betaalbaar wanneer BTW-uitset die BTW-inset oorskry. (6)

1.3 **BTW ONTLEDING**

Ontleed die volgende items deur ’n kruis (x) in die toepaslike kolom te maak.

| | GOEDERE / DIENSTE | 15% BTW | 0% BTW | BTW VRYGESTEL |
|---|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Petrol | | | |
| 1.3.2 | Nuwe kasregister | | | |
| 1.3.3 | Bruinbrood | | | |
| 1.3.4 | Skoolfonds van staatskool | | | |
| 1.3.5 | Salaris van hotelbestuurder | | | |

(5)

**25**

## VRAAG 2: KOSTEBEREKENING EN INTERNE BEHEER (45 punte; 35 minute)

Win-Wood Vervaardigers maak houttafels vir buitelug gebruik. Die teiken van die fabriek is 250 tafels per maand.

**GEVRA:**

2.1 Bereken die totale produksiekoste vir die maand volgens die volgende stappe:

2.1.1 Direkte materiaalkoste vir 250 tafels (20)

2.1.2 Direkte arbeidskoste vir 250 tafels (4)

2.1.3 Primêre koste (2)

2.1.4 Bereken die bokoste (7)

2.1.5 Bereken die totale produksiekoste vir 250 tafels (2)

2.2 Bereken die eenheidskoste per tafel. (3)

2.3 Bereken die verkoopprys per eenheid as die winsopslag 30% is. (3)

2.4 Win-Wood Vervaardigers ervaar groot verliese as gevolg van foute tydens die produksieproses. Voorsien TWEE oplossings om hierdie probleem op te los. (4)

**INLIGTING:**

Die volgende word benodig om **een** tafel te maak.

| | | |
|---|---|---|
| Hout | R10 per m | 12 planke x 2,8 m |
| | R12 per m | 8 vierkantige stukke x 4 m |
| Koper skroewe | R3 per pakkie van 50 | 2 pakkies |
| Skuurpapier | R6 per vel | 6 velle |
| Vernis | R20 per liter | 1 liter |
| Arbeid | R20 per uur | 5 ure per tafel |
| Fabriek versekering | R3 000 per maand | |
| Huur | R6 000 per maand | Fabriek: R3 000<br>Adminblok: R3 000 |
| Verbruiksgoedere | R200 | Handskoene, maskers |
| Skoonmaakmiddels | R150 | Handreiniger, vernis-verwyderaar |
| Salarisse | Bestuurder: R12 000 | |
| | Ontvangsdame: R4 500 | |
| | Fabriekbestuurder: R8 000 | |
| | Fabriekskoonmaker: R2 800 | |

**45**

## VRAAG 3: BEGROTING (25 punte; 20 minute)

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

3.1.1 ’n Langtermynbegroting word opgestel vir ’n tydperk van vyf jaar.

3.1.2 ’n Kapitaalbegroting is dieselfde as ’n kontantbegroting.

3.1.3 ’n Tekort is wanneer daar meer geld ontvang word as wat bestee word.

3.1.4 ’n Kontantbegroting toon slegs die verwagte ontvangste van geld.

3.1.5 ’n Nul-begroting word jaarliks opgestel. (5)

3.2 Graad 11-leerders is gewoonlik verantwoordelik daarvoor om die matriekafskeid te organiseer. Aangesien die graad 10-leerders kundig moet wees, is dit belangrik om kennis te neem van wat die 2018 graad 11’s gedoen het.

**GEVRA:**

3.2.1 Gebruik die inligting voorsien om ’n begroting vir die 2019 matriekafskeid op te stel. (10)

3.2.2 Maak ’n voorstel om die kostes van dekor en kos vir die 2019 matriekafskeid te besnoei. (4)

3.2.3 Noem EEN ander moontlike fondsinsamelingspoging. (2)

3.2.4 Noem TWEE bronne van inkomste en TWEE uitgawes wat op ’n huishoudelike begroting sal verskyn. (4)

**INLIGTING**:

| | |
|---|---|
| Dekor | 5 000 |
| Spyseniering | 24 000 |
| Huur van saal | 6 000 |
| Koekverkoping | 2 000 |
| Donasies | 6 000 |
| Sokker toernooi | 17 600 |
| Lootjies | 4 500 |
| Verkoop van ‘bunny chows’ | 3 900 |

**25**

## VRAAG 4: REKONSILIASIE EN ALGEMENE GROOTBOEK (55 punte; 45 minute)

### 4.1 REKONSILIASIE

**GEVRA:**

4.1.1 Stel die verbeterde Debiteurekontrolerekening op 30 September 2018 op. (16)

4.1.2 Maak die nodige aansuiwerings aan die debiteurelys. Toon alle berekeninge. (7)

4.1.3 Voorsien TWEE strategieë wat geïmplementeer kan word om debiteure aan te moedig om hul rekeninge betyds te betaal. (4)

**INLIGTING:**

Die onervare boekhouer van Spaza Handelaars het die onderstaande Debiteurekontrolerekening op 30 September 2018 opgestel.

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN SPAZA HANDELAARS**
**DEBITEUREKONTROLE**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Sep | 1 | Saldo | a/b | 41 550 | Sep | 30 | Bank | KBJ | 95 |
| | 30 | Verkope | DJ | 95 350 | | | Debiteure-afslag | DAJ | 574 |
| | | Bank | KOJ | 90 936 | | | Joernaalkrediete | AJ | 292 |
| | | Joernaaldebiete | AJ | 508 | | | Saldo | o/b | 227 383 |
| | | | | 228 344 | | | | | 228 344 |
| Oct | 1 | Saldo | a/b | 227 383 | | | | | |

Debiteurelys

| | |
|---|---|
| C Rode | 0 |
| D Mahoman | 130 |
| RE Truter | 35 641 |
| Master & Seuns | 7 000 |

Foute en weglatings

- C Rode se tjek vir R95 was deur die bank teruggestuur en 'onvoldoende fondse' gemerk. C Rode het voorheen sy skuld van R105 vereffen.
- D Mahoman, 'n debiteur, is insolvent en die saldo van R130 op sy rekening moet as oninbaar afgeskryf word. Geen inskrywing was gemaak nie.
- Die debiteurejoernaal is met R3 000 te veel opgetel.
- 'n Debietnota vir 180 in verband met goedere teruggestuur aan RE Handelaars ('n krediteur), is per ongeluk in die Debiteureafslagjoernaal aangeteken en na die rekening van RE Truter in die debiteuregrootboek oorgeboek.
- Master & Seuns, 'n krediteur, met 'n debietsaldo van R7 000, verskyn in die debiteurelys.

4.2 **ALGEMENE GROOTBOEK**

**GEVRA:**

4.2.1 Voltooi die Handelsvoorraadrekening deur die ontbrekende inligting by (A–J) te voorsien. (11)

4.2.2 Gee EEN moontlike verklaring vir die inskrywing van R2 220. (2)

4.2.3 Gee TWEE moontlike verklarings vir die inskrywing van R60. (4)

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN NT HANDELAARS**
**Handelsvoorraad**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Sep | 1 | Saldo | a/b | **A** | Sep | 30 | Krediteurekontrole | **F** | 950 |
| | 30 | **B** | KBJ | 6 880 | | | **G** | KOJ | 9 200 |
| | | Krediteurekontrole | **C** | 7 430 | | | Koste van verkope | **H** | 8 500 |
| | | **D** | DAJ | 2 220 | | | **I** | AJ | 60 |
| | | Kleinkas | **E** | 90 | | | Saldo | o/b | 2 410 |
| | | | | | | | | | |
| Oct | 1 | Saldo | a/b | **J** | | | | | |

4.3 **INTERNE BEHEER**

M Snook is ’n werknemer van NT Handelaars. Dit is haar verantwoordelikheid om voorraad te bestel, al die transaksies wat met hierdie bestelling verband hou aan te teken en verskaffers te betaal. Sy koop dikwels voorraad, vir die persoonlike gebruik van die eienaar en ander werknemers, by die gereelde verskaffers aan. Sy is te besig met ander take om gereelde voorraadopnames, wat van haar verwag word, te doen.

4.3.1 Noem en verduidelik die AARP-beginsel wat in bogenoemde scenario toegepas behoort te word. (3)

4.3.2 NT Handelaars oefen nie behoorlike beheer oor handelsvoorraad uit nie. Identifiseer DRIE probleemareas en gee ’n oplossing vir elk. (6)

4.3.3 Daar is opgemerk dat die kwaliteit van die handelsvoorraad voorsien deur een van die gereelde verskaffers, verswak het. Gee EEN voorstel hoe NT Handelaars hierdie probleem kan oorkom. (2)

**55**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou